

Beter en volhoubare veldbestuur kan ekostelsels red

Karoboere op private en meentgrond staan sentraal in 'n ambisieuse projek om grond en veld volhoubaar te bestuur en sodoende voordele te kry uit ekostelsels wat goed funksioneer.

Bewaring van natuurlike hulpbronne en ekostelsels behels lankal nie meer net die proklamasie van 'n natuurreservaat of beperkende wetgewing nie.

In die 21ste eeu moet bewaring en beskerming van biodiversiteit en die rehabilitasie van beskadigde ekostelsels al hoe meer plaasvind in landskappe waarin mense voortgaan om 'n bestaan te maak. Daarom moet bewaringslui deesdae ook die waarde van bewaring aan die gemeenskappe waarin hulle werk, demonstreer.

Suid-Afrika se droë gebiede, wat groot getalle unieke plant- en dierspesies huisves, stel uitsonderlike eise aan bewaring en rehabilitasie, en noodsaak navorsing en vernuwend denke om 'n verskil te maak.


Dié gebiede, wat die kritiek bedreigde oewerkonyn (*Bunolagus monticularis*), een van die mees bedreigde soogdiere ter wêreld huisves, is boonop kwesbaar vir klimaatsverandering en ekonomiese druk.

Boere van die Karoodistrikte Loxton, Victoria-Wes en Fraserburg en die trust vir bedreigde natuurlewe (EWT) het die afgelope 20 jaar goeie vordering gemaak om die publiek bewus te maak van die lot van oewerkonynne en ook die rehabilitasie van rivieroewers waar oewerkonynne gewoonlik aangetref word. Dié projek word nou verbreed om landskappe met volhoubare grondbestuursmetodes tot voordeel van biodiversiteit én die landbou te bestuur.

Die EWT, wat min of meer van die begin af by die oewerkonynbewaringspogings betrokke was, se program vir droëlandbewa-

PLAASINLIGTING

LIGGING: Loxton, Victoria-Wes, Fraserburg (Noord-Kaap)



KORTOM

- Geld is van 'n wêreldliggaam bekom om volhoubare grondbestuurspraktyke vir die Karoo te ontwikkel.
- Die praktyke is daarop gerig om ekostelsels se werking te verbeter en landskappe tot voordeel van biodiversiteit en boerdery te verbeter.
- Een van die hoofdoelwitte van die projek is om die skaars en kritiek bedreigde oewerkonyn, wat net in Suid-Afrika voorkom, te bewaar deur die rivieroewers wat hulle huisves, te rehabiliteer.

ring (EWT-DCP) het onlangs 'n groot hupstoot gekry toe hy finansiering van die Global Environment Facility (GEF) gekry het.

Die GEF is 'n trustfonds wat opgerig is om die wêreld se dringendste omgewingskwessies in ontwikkelende lande te takel. Plaaslik gaan die projek volhoubare grondbestuurspraktyke bevorder om verskillende ekostelselvoordele in produktiewe, maar be-

Oewerkonynne leef op die oewers van riviere, maar die habitate is deur onoordeelkundige boerderypraktyke en houtmaak afgetakel. FOTO'S: AMELIA GENIS (TENSY ANDERS VERMELD)



skadigde landskappe, te verseker. Die projek, "Securing multiple ecosystems benefit through Sustainable Land Management in the productive but degraded landscapes of South Africa", het in Junie 2017 begin en sal vyf jaar duur.

Die EWT bestuur die Karoonode van die projek, terwyl die Rhodes-Universiteit 'n projek in die Baviaanskloof in die Oos-Kaap bestuur en die WNNR die projek in die Olifantsrivieropvanggebied in Mpumalanga bestuur. Die doel van die drie verskillende nodes is om 'n verskeidenheid modelle vir volhoubare grondbestuur te ontwikkel.

BOERE IS VOORSTE VENNOTE

Volgens die EWT se geïntegreerde jaarverslag vir 2017-'18 staan kommersiële en opkomende boere in die Karoo sentraal tot optrede om biodiversiteit te bewaar. "Dit is noodsaaklik om grondgebruikers op 'n meer direkte manier betrokke te kry as ons

bewaring op 'n landskapskaal wil doen. Volhoubare grondbestuur is die beste manier om die herstelvermoë van landskappe te bevorder, veral nou dat klimaatsverandering en die swak ekonomie meer druk op natuurlike hulpbronne en spesies plaas. **Dit gaan innoverende en kreatiewe benaderings tot bestuur verg om winsgewend te boer én die ekologiese integriteit van die omgewing in stand te hou. Daarom is boere as rentmeesters van groot stukke grond, wat boonop die meeste van die Karoo se biodiversiteit huisves, so belangrik.**"

Die EWT stel lewende, werkende landskappe voorop en wil deur sy optrede landskappe en habitate vir die bedreigde en vlagskipspesies van die droë gebiede beveilig. "Die EWT-DCP-program se bewaringstrategieë strewe om die behoeftes van mense en bewaring te integreer om daardeur die impak van die volhoubaarheid van hul bewaringstappe te versterk."

Een van die maniere waarop EWT-DCP volhoubare grondbestuur aanmoedig, is 'n strategie waarvolgens boere van mekaar leer. Hy het drie boere, mnr. Dries Wiese van Loxton, Herman Hugo van Victoria-Wes en Jaco van Wyk van Nieuwoudtville, as boerekampioene en ambassadeurs vir die projek aangewys.

Uiteindelik wil hulle 'n program daarstel wat op groter skaal herhaal kan word, sodat volhoubare grondbestuur in die Karoo en omstreke aangemoedig word en om ondersteuning aan ontluikende grondeienaars te verskaf.

Hulle glo dat meer deurdragte boerderybeplanning en -praktyke ook tot 'n beter habitat vir oewerkonyne sal bydra.

Wiese, wat buite Loxton boer en die veldrehabilitasiewerk voortsit wat sy pa begin het, sê die werk wat EWT-DCP doen, is van "uiterste groot belang. Ons kan nie bekostig om dit nie te doen nie."



Sedert wetenskaplikes bevind het dat klimaatsverandering die habitate wat vir oewerkonyne geskik is, gaan verklein en voorgestel het dat private bewareas as buigsamer en kostedoeltreffender bewaringsopsies gestig word, het vier bewareas, Wagenaarskraal, Brakrivier, Sakrivier en Kromrivier, in die Noord-Kaapse deel van die Karoo tot stand gekom.

'WEGKRUIP-KAMPIOENE'

Ondanks jare se navorsing is daar nog baie vrae oor die diertjies wat oor so 'n groot landskap in ruie plantegroei, maar teen lae digtheid, voorkom. Hulle is meester-wegkruipers, sê me. Bonnie Schumann, Nama-Karookoördineerder van die EWT-DCP op Loxton.

"Daar is nog boere wat nie beseft dat hulle wel op hul plase voorkom nie. Oewerkonyne is immers eers in 2003 in die Klein-Karoo 'ontdek'. Daar is vir meer as 'n eeu aangeneem dat hulle slegs in die Nama-Karoo voorkom, maar in Desember 2018 is 'n dooie konyne in die Baviaanskloof gevind; ver buite hul bekende verspreidingsgebied."

Om dus die hele gebied, wat oor twee provinsies strek en drie plantbiome insluit, te dek, is 'n massiewe taak. Schumann sê grondeienaars wat vangkameras op hul plase gebruik, word versoek om enige haas- of konynefoto's vir die EWT te stuur.

"Dit kan help om die teenwoordigheid van oewerkonyne aan te teken waar ons hulle nog nie gekry het nie."

MOEILIK OM OP TE SPOOR

Die oewerkonyne (*Bunolagus monticularis*), een van die belangrikste spesies wat deur volhoubare grondbestuur bevoordeel gaan word, is geheimsinnige diertjies. Dit maak dit moeilik om hulle te verstaan en te bewaar, en dwing betrokkenes om vindingryke planne vir bewaring te maak.

Tellings deur groepe mense wat in die

"Dit kan help om die teenwoordigheid van oewerkonyne aan te teken waar ons hulle nog nie gekry het nie."

veld stap, en toevallige waarnemings was jare lank die algemeenste manier om te probeer vasstel of oewerkonyne in 'n sekere gebied teenwoordig is, en hoeveel daar is. EWT-DCP ondersoek deesdae die gebruik van moderne tegnologie soos vangkameras, infrarooi-tegnologie en 'n snuffelhond om die oewerkonyne op te spoor, en hommeltuie om plantegroei te monitor.

Mnr. Cobus Theron, programbestuurder, en Schumann werk saam met 'n span kundiges van Liverpool John Moores Universiteit om te kyk of hulle oewerkonyne met behulp van infrarooikameras kan opspoor.

Hierdie metode toon belofte, en nadat al die voetwerk gedoen is, het hulle oewerkonyne opgespoor. Die resultate van die ondersoek word eersdaags in die vaktydskrif *International Journal of Remote Sensing* gepubliseer.

Die span van EWT-DCP is ook besig om 'n hond te leer om lewende oewerkonyne op te spoor met reukmonsters van dooie diere, in dié geval die hare van konyne wat op paaie doodgery word.

Rand Merchant Bank en die Duitse Zoologische Gesellschaft für Arten- und Populationsschutz help om die tegnologieë te ondersoek.

◀ “As gevolg van die droogte en die reënvalpatrone wat verander het, is dit absoluut belangrik dat ons kyk na veldherstel en veldbestuur. Kommersiële boere wat al geslagte lank boer, leer dit van kindsbeen af, maar die opkomende boere is nie op die hoogte van sulke kwessies nie.”

Hoewel die inisiatief deur 'n nie-regeringsorganisasie lofwaardig is, meen Wiese die regering moet weer landwyd betrokke raak, soos in die dae van die departement van landboutegniese dienste.

“Ek is passievol oor grondherstel en grondbewaring. As ek hier by my sien watter sukses mens kan behaal met min insette, wil ek so graag hê iemand van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling kan verplig word om dit onder die nuwe boere se aandag te bring.”

Wiese sê die EWT-DCP het sy volle ondersteuning en hy help graag waar hy kan.

SKUGTER, SKAARS EN BEDREIG

Wat maak die oewerkonyne so besonders dat hele gemeenskappe by hul bewaring betrokke geraak het?

Die bewaringstatus van dié skugter diertjies, wat in 1903 beskryf is, is kritiek bedreig. Oewerkonyne is 'n belangrike indikatorspesie vir die gesondheid van die ekostelsel wat hulle huisves. Hulle het jare gelede algemeen voorgekom op die oewers van die seisoenale riviere van die Karoo: Van die Vis- en Renosterrievier by Calvinia, tot by die Ongersrivier by Victoria-Wes.

Dr. Andrew Duthie, wat in 1989 'n meestersgraad verwerf het met sy navorsing oor die ekologie van oewerkonyne, het bevind hulle vreet plante soos bierbos (*Pteronia erythrochaeta*), inkbos (*Kochia pubescens*, nou *Bassia salsoloides*) en brakbossie (*Salsola glabrescens*). In die droë maande vreet hulle sukkulente soos kareebos/kriedoring (*Lycium cinereum*) en rivierdraaibos (*Osteospermum spinescens*). Hulle vreet ook gras wanneer dit in die somer beskikbaar is.

Hulle beweeg meestal in die nag en soek bedags skuiling onder bosse soos kapokbos (*Eriocephalus spinescens*) en kriedoring. Oewerkonyne probeer roofdiere vermy deur bloot stil te sit. Hulle pas so goed by hul omgewing in dat dit maklik is om enkele meter verby een te stap sonder om hom te sien.

Waar oorbeweiding tot 'n laer plantdigtheid lei, is daar nie genoeg skuiling nie, en word hulle kwesbaar vir roofdiere. Hierdie vermindering van plantegroei en die fragmentasie van oewerlandskappe deur beskadiging of die vestiging van landerye is juis waarom hulle so bedreig is.

Teen die tyd dat Duthie sy navorsing gedoen het, het oewerkonyne se habitat met



Plantjies wat in ploeglyne in die veld geplant word, is een van die maniere waarop die trust vir bedreigde natuurlewe se program vir droëlandbewaring (EWT-DCP) probeer om kaal kolle te rehabiliteer.

INLAS: Die rehabilitasieresultate is beter waar daar ook dooie populiertakke, wat toevallig beskikbaar was, oor die plantjies geplaas word.

60% afgeneem teenoor vorige opnames. Die agteruitgang van hul habitat is as gevolg van veldagteruitgang deur onoordeelkundige weidingsmetodes en die omploeg van oewergond. Die konyne word ook bedreig deur onwettige jag met honde, rondloperhonde en roofdiere, veral waar hul habitat nie meer voldoende skuiling bied nie.

Hul habitat word ook vernietig waar gannabos en grootdoringkapokbos vir vuurmaakhout versamel word. Die struktuur van die veld verander omdat die groot bosse verwyder word.

Schumann sê roofdiere is bes moontlik net 'n bedreiging waar oewerkonyne se habitat verander is, of die digtheid van bosse deur weidingsdruk of houtmaak verlaag is.

BEWARING DEUR VOOGDYSKAPPE

In 2008 het dr. Gregory Hughes van die Suid-Afrikaanse nasionale instituut vir biodiversiteit (Sanbi), Wilfried Thuiller, Guy Midgley en mnr. Kai Collins van die Uni-

versiteit van Pretoria se modelle getoon dat meer as 90% van bestaande oewerkonynhabitatte vanweë klimaatsverandering nie meer daarvoor geskik sal wees nie.

Aangesien die hele gebied waarbinne die konyne toe voorgekom het in private besit was en klimaatsverandering die habitatte wat vir oewerkonyne geskik is, buite dié gebied sou verskuif, het hulle in 'n artikel in die vaktidskrif *Biological Conservation* aanbeveel dat dit beter sal wees om eerder private bewareas te stig as vaste reservate. “Bewareas bied 'n buigsamer en kostedoel-treffender bewaringsopsie.”

Sedertdien is vier bewareas, Wagenaarskraal, Brakrivier, Sakrivier en Kromrivier, in die Noord-Kaapse deel van die Karoo gestig. In 2013 is oewerkonyne in die Anysberg-natuurreservaat gevind. Die Sanbona-wildreservaat by Montagu, wat ook oewerkonyne huisves, is besig om formele beskermde status deur CapeNature se rentmeesterprogram vir biodiversiteit te verkry.



Mnr. Johnny Arends en me. Hester de Wee met plantjies wat hulle van saad in die Karoobossie-kwekery op Loxton kweek.



Mnr. Dries Wiese van Loxton is een van drie boere wat as boerekampioen en ambassadeur van die die EWT-DCP-projek aangewys is. Die ander twee is mnrre. Herman Hugo van Victoria-Wes, en Jaco van Wyk van Nieuwoudtville. FOTO: LUCILLE BOTHA



Een van die program se “kampioene”, mnr. Herman Hugo, is hier in gesprek met me. Bonnie Schumann. Hulle staan op ’n rehabilitasieperseel waar redelike sukses behaal word met klein kansse van skadunet om die plantjies.

INLAS: Me. Bonnie Schumann, Nama-Karoo-koördineerder van die EWT-DCP op Loxton.



Die plante in dié mikro-opvanggebiede het toegeslik sodat net hul toppe bokant die slik was. “Die geotekstiel, wat goed werk in gebiede met hoër reënval waar plante vin-nig genoeg vestig om die rol van die tekstiel as slikvangers en grondbedekking oor te neem, het verweer voordat genoeg plante in die ongenaakbare Karoo-omstandighe-de kon vestig.”

Hul jongste rehabilitasiepoging is om plantjies op ploeglyne, wat ’n boer op een van die kaal kolle gemaak het, te plant. Waar hulle populiertakke oor die plantjies geplaas het, was vestiging beter as waar daar nie takke was nie.

Schumann sê in droë klimaat is vordering stadig omdat plantjies net ontkiem en vestig as die toestande reg is. “Soms gebeur dit net elke 10 of 15 jaar. As deel van ons rehabilitasieprojek kweek ons veldplantjies by ons Karoobossie-kwekery op Loxton en gebruik die plantjies vir hervestiging pleks van saad.”

Sy sê die meeste Karoobossies se saad ontkiem die beste in die herfs, wat ook die beste tyd is om dit te plant. “Die kwessie is dat die oorlewing van die jong plantjies wat in die kwekery gekweek is, beter is ná ses maande. Dit beteken dat hulle vir ’n jaar in die kwekery gehou moet word sodat hulle in die gunstigste omstandighede – die volgende herfs – geplant kan word.

“Al ons pogings kan misluk weens ondergemiddelde reënval en droogtes. As plantjies nie kans gehad het om voldoende wortelstelsels te ontwikkel voor ’n droogte toeslaan nie, vrek hulle.” Sy sê vanweë al die struikelblokke is dit beter dat boerdery op so ’n manier bedryf word dat veld nie agteruitgaan nie, aangesien dít doeltreffender is as om veld later te probeer rehabiliteer. Dit is die motivering vir die GEF-projek. **LBW**

➤ NAVRAE: Me. Bonnie Schumann, e-pos: bonnies@ewt.org.za

Die EWT-DCP se ambisieuse droom is om die oewerkonyn se bewaringstatus teen 2023 van kritiek bedreig tot bedreig af te bring deur die identifikasie en beskerming van lewensvatbare bevolkings en die verbetering van hul habitat.

Hulle het ook die moontlikheid van voorkeurgebiede vir bewaring en die beskerming van “oewerkonynkorridors” op ’n kaart gemerk. Hulle oorweeg dit ook om bewaringservitute met grondeienaars te sluit as ’n manier om belangrike habitatte te beskerm.

REHABILITASIE NIE VIR SISSIES NIE

Schumann, haar span en hul voorgangers se ondervinding met rehabilitasie van veld op die rivieroewers toon dat jy hare op jou tande en baie planne moet hê om enigiets aan die groei te kry in moeilike omstandighede.

Vandat dr. Vicky Ahlmann, die veerts van Berlyn, Duitsland, wat in 1998 begin het om die publiek van die lot van oewerkonyn bewus te maak, in 2008 ’n inheemse

kwekery met die hulp van plaaslike mense begin het, is daar ook met rehabilitasie van die oewerveld begin.

Schumann sê hulle het bekende rehabilitasie-metodes wat elders goed werk, getoets. Hulle probeer om “beste praktyke” vir die oewers se spesifieke omstandighede te vind deur aanvaarde metodes te toets en alternatiewe te oorweeg. “Die grond in rivier-oewergebiede is besonder moeilik om mee te werk, en om plante in droë gebiede te vestig vorder stadig omdat dit so min reën.”

Die oewergrond is baie fyn, met ’n hoë klei-inhoud en lae organiese materiaalinhoud. ’n Hoë soutinhoud is dikwels ’n kwessie in die kaal, afgetakelde gebiede. “Water dring dus nie so maklik die grond binne nie, en daar is boonop niks waaraan dit kan bind in die grond nie. Mikro-opvanggebiede werk goed in goed gedreineerde grond – en party van ons mikro-opvanggebiede het goed gewerk – maar die meeste van hulle het die water te lank gehou.”

Piket

tel: +27(0)22 913 2435
e-pos: info@piket.co.za
web: www.piket.co.za

NO TILL DEKGEWAS FYN SAAD PLANTER

- Modelle: 6-Ry / 8-Ry / 10-Ry / 14-Ry / 16-Ry / 20-Ry
- 3-Kompartement saad, fynsaad & kunsmis kis

16-RY 10"

NO TILL: PLANT IN GEVESTIGDE WEIDING - OF KONVENSIENEEL

6-RY / 8-RY / 10-RY: DEKGEWAS IN WINGERDE & VRUGTEBOORDE

14-RY / 16-RY / 20-RY: PLANT WEIDING OP SUIWEL & VEE PLASE

AKKURATE PLASING VAN SAAD

SILO'S

Volledige Nuwe Silo Projekte
Opgradering van Bestaande Silo's & Hantering

ABC Hansen Grain

abchansen.co.za
012 303 0036
info@abchansenafrica.co.za